# UITSPRAAK BEVESTIG GRONDWETLIKHEID VAN BELASTINGADMINISTRASIEWET

**Tshwane, 14 Februarie 2025** - Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), mnr. Edward Kieswetter, het die uitspraak verwelkom wat op 12 Februarie 2025 in die saak tussen Greyvensteyn v Kommissaris van SARS en Ander gelewer is.

Die uitspraak is voorafgegaan deur 'n voorlopige bewaringsbevel, in kamers, teen Andries Greyvensteyn ("Greyvensteyn") en The Gold Kid (Edms.) Bpk. (Gold Kid) ingevolge artikel 163 van die Wet op Belastingadministrasie, nr. 28 van 2011 (die belastingwet) op 28 Februarie 2023. Die bevel het die repatriasie van buitelandse bates gemagtig en die belastingpligtige se reg om buite die Republiek te reis ingevolge artikel 186 en 186(3) beperk. Dit het ook die bewaring van Greyvensteyn en Gold Kid se bates toegestaan, asook die verpligte repatriasie van mnr. Greyvensteyn se buitelandse bates.

Die aansoeker, Greyvensteyn, het die grondwetlikheid van artikels 180, 184(2) en 186(3) van die belastingwet uitgedaag. Artikel 180 hou 'n persoon persoonlik aanspreeklik vir 'n belastingpligtige se belastingskuld as hulle nalatigheid of bedrog gelei het tot die versuim om die belastingskuld te betaal. Artikel 184(2) vereis SARS om 'n geleentheid vir verteenwoordigings te skep voor 'n persoon vir 'n belastingpligtige se belastingskuld aanspreeklik gehou word. Artikel 186(3) magtig 'n hof om die repatriasie van 'n belastingpligte se buitelandse bates te beveel en hulle vermoë om oorsee te reis of sake te doen, te beperk.

Greyvensteyn het aangevoer dat hierdie bepalings teen sy grondwetlike regte is, veral artikel 34 (reg tot toegang tot hof) en artikels 21 en 22 (regte tot vryheid van beweging en om vrylik 'n bedryf, ambag of beroep te kies). Hy het aangevoer dat SARS se optrede op self-help uitgeloop het wat sy regte tot 'n regverdige openbare verhoor ondermyn het.

Die hof het bevind dat SARS se optrede ingevolge artikels 180 en 184(2) administratiewe optrede behels en hersienbaar is ingevolge die Wet op Bevordering

van Administratiewe Geregtigheid (PAJA). Die hof het uitgelig dat Greyvenstein die reg tot geregtelike hersiening van SARS se beslissings het, wat toegang tot die hof verseker. Die hof het ook bevind dat die beperkings wat ingevolge artikel 186(3) op Greyvenstein se regte opgelê is, redelik en regverdigbaar is, in 'n oop en demokratiese samelewing, gegewe die belangrikheid van belastinginvordering in openbare belang. Die hof het die grondwetlikheid van artikels 180, 184(2) en 186(3) bekragtig. Die aansoek is met koste van die hand gewys, wat die koste van vier raadgewings op vlak C insluit.

SARS se gesag en pligte, wat die invordering van belastings betref, is nie absoluut nie en hierdie uitspraak bevestig dat hoewel SARS sy gesag en pligte mag uitvoer op 'n wyse wat teen grondwetlike regte is, die hof bevestig dat die huidige bepalings nie inbraak maak op belastingpligtiges se grondwetlike regte nie.

Kommissaris Kieswetter het gesê: "Hierdie presedentskeppende beslissing herbevestig SARS se wetlike gesag om sy werk uit te voer wat die invordering van alle inkomste wat aan die staat verskuldig is behels, op doeltreffende wyse uit te voer. Onontbeerlik is die hof se beklemtoning dat die belastingwet se bepalings SARS in staat stel om derdeparty aanspreeklikheid, repatriasie van buitelandse bates en beperkings op reis te bepaal, wetlik en grondwetlik is. SARS sal aanhou om helderheid en sekerheid aan belastingpligtiges te verskaf terwyl hulle dit maklik en eenvoudig maak om met die organisasie sake te doen. SARS sal egter enige optrede deur 'n belastingpligtige wat SARS se mandaat probeer ondermyn, heftig teenstaan".

Vir meer inligting, kontak SARS asseblief by SARSMedia@sars.gov.za.